U.K. 35 a 1958

NOTULE VAN DIE U.K. VERGADERING GEHOU OP MAANDAG,
5 MEI 1958.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee, Dr. B.J. Odendaal en
Wnde. Sendingsekretaris.

Die Voors. open die vergadering met gebed.

---

1. 'n Brief word gelees van Mnr. J.M. Badenhorst, asook 'n verklarende skrywe van Eerw. Hoffman. Nadat die saak breedvoerig bespreek is, besluit die Kommissie as volg: „Die U.K. gee opdrag aan die deputasie om die hele aangeleëntheid saam met die Raad te ondersoek of dit 'n absolute noodsaaklikheid is vir verdere verlenging van die dienstyd van Mnr. Badenhorst, maar met die duidelike verstandhouding, dat indien daartoe mag besluit word, dit nie langer as November mag wees nie."

2. 'n Aansoek om 'n motorlening van Mnr. A. Miles word aan die vergadering voorgelê. Hy wil graag sy teenwoordige kar verkoop en die lening by die Kerkkantoor afbetaal en dan 'n nuwe kar koop met die oog op sy werk in Noord-Rhodesië. Die lening word aanbeveel.

3. i/s: Ds. Oglethorpe; Nkana: Dit word verneem dat hy saam met Dr. Webb insake Rasse Aangeleënthede op een platform verskyn het en onder omstandighede het die Kommissie nie vrymoedigheid om aan hom te skrywe nie. Daar is reeds geskrywe aan Eerw. Badenhorst, Ds. Ado Krige en aan Mej. de Klerk i.v.m. Sendingwerk in Noord-Rhodesië.

4. Brief van Saakgelastigde, N.G. Kerk: Die brief word verwys na die Saakgelastigde van die N.G. Kerk in die O.V.S. met aanbeveling dat uitbetaling sal geskied aan Adv. de Vos Hugo.

5. Verlof Ds. L.L. Nel: Aan Ds. Nel sal 'n skrywe gerig word dat siekverlof aan hom toegestaan word tot einde Junie.

6. Aan Eerw. Cronje sal 'n skrywe gerig word om te sê dat hy vir hom nie moet bekommer oor die studie van sy kinders nie, en dat hy dadelik applikasie moet maak by Sentraal Hoër vir sy seun.

7. Strydom Opleidingskool: Mnr. S.J. Naudé word gevra om die Advies Komitee van Strydom Opleidingskool wat op 13 Mei die môre om 9.30 hier in Bloemfontein gehou sal word, by te woon namens die Kommissie.

Dr. Odendaal sluit af met gebed.